



MONTAGU

LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL

LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / PO. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@talkoensa.net

10 Mei 2021

OB 13 - Terugkeer van alle leerders na die skool

Beste Ouers

Die Departement van Basiese Onderwys het tydens 'n vergadering met verskeie rolspelers, besluit dat alle laerskoolleerders gaan terugkeer na die skole. (Sien meegaande berig). Ek aanvaar die meeste ouers het reeds soortgelyke berigte gesien.

Die skool sal reeds vandag begin om meubels te skuif, sodat ons gereed is vir die terugkeer van alle leerders. Dit sal plaasvind sodra ons 'n amptelike skrywe van die onderwysdepartement ontvang het. Sou die besluit om een of ander rede uitgestel word, beplan ek om aansoek te doen dat ons leerders wel so gou moontlik terugkeer skool toe.

Die **wintertye** soos in die **huiswerkboekie** gedruk, sal gevolg word, sodra alle leerders terugkeer na die skool.

Onderstaande inligting is reeds elektronies na u versprei. Groep B het Vrydag ook die harde kopie ontvang. Groep A se harde kopie verskil nou van dié van groep B, ten opsigte van die terugvoer oor Departement Basiese Onderwys se vergadering.

Inligting uit OB 11/2021

Die tweede kwartaal is aan die gang en ons leerders het sommer dadelik ingespring en hul kant gebring.

Ek wens elke leerder, ouer en opvoeder sterkte toe vir die kwartaal.

Me. Sonét Kloppers is vanaf vandag, Maandag 10 Mei, met kraamverlof. Ons wens haar alles van die beste toe en dat sy die tydjie by die huis saam met hul nuwe baba sal geniet. Me. Elna Nel sal die afsonderwyseres in haar plek wees. Me. Nel het goeie ervaring en die oorgang na die nuwe opvoeder sal soomloos geskied.

13 Mei 2021 word Hemelvaart gevier. Die skool is gesluit vir die dag, sodat gesinne wat hierdie dag gedenk, die geleentheid daartoe het. Die kalender wat u ontvang het saam met die rapporte bly onveranderd, dus kom groep B skool toe op 14 Mei.

Kinders moet skool toe om nóg agterstande te beperk

Deur Johan Eybers

09 Mei 2021 00:03 **Rapport**

Die departement van onderwys het Saterdag amptelik vir vakbonde gesê hy wil hê alle laerskoolkinders moet voltyds teruggaan.

Die enigste uitsondering is plekke waar daar 'n groot uitbreking van Covid-19 is.

Die departement het dié plan gister by 'n vergadering aan vakbonde voorgelê.

Die verwagting is dat Angie Motshekga, minister van onderwys, vroeg dié week 'n aankondiging oor die saak sal doen.

Die leerders dra nou wintersdrag en ek wil die ouers bedank vir hul samewerking, oor die algemeen is ons leerders korrek geklee en lyk hulle netjies. Leerders moet dasse dra, dit is deel van die verpligte wintersdrag. (Dasse word nie saam met sportdrag gedra nie). *Die kleredragreëls is in die huiswerkboekie op bl. 11-14.* Leerders mag steeds met sportdrag skool toe kom op die dae wat hulle sport oefen. Indien hulle bv. hokkie en netbal oefen, kan u besluit hoe hulle hul drag afwisselend aantrek.

Laatkom het die laaste weke van kwartaal 1 en hierdie week al meer begin kop uitsteek. Die hekke word om 7:05 oopgemaak, sodat personeel die leerders kan "screen". Die klok lui om 07:30 en dan moet alle leerders by die skool wees. Die hekke word dan gesluit en leerders wat laat is, moet dan by die hoofhek inkom en by ontvangs aanmeld.

In die middag moet die leerders asb betyds afgehaal word. Personeel is vir 15 minute na skool aan diens, u moet daarom asb. die leerders betyds afhaal, sodat hulle nie sonder toesig hoef te wag nie.

Skryfbehoeftes: Dit is belangrik dat leerders elke dag die regte skryfbehoeftes by die skool het. Vra asb. u kind of hy/sy hul pennesakkies/-houers ingepak het. Gaan asb. die skryfbehoeftes deur en maak seker daar is voldoende penne, potlode, gom, 'n skêrtjie, kleurpotlode en die ander items wat op elke graad se lysie was.

Sport: Indien daar ouers is wat graag betrokke wil raak as hulpafrigters by die sport (tans netbal, rugby en hokkie), kan u gerus die skool telefonies kontak, 'n briefie in die huiswerkboek sit of 'n epos stuur na monties@telkomsa.net.

Montie-Mall: Ons is baie opgewonde oor dié projek wat weer volgende week afskop! Ons verkope is altyd goed en ek glo vanjaar gaan nie die uitsondering wees nie. U ontvang volgende week volledige inligtingsbriewe.

Die snoepie maak weer Maandag 10 Mei oop. Tot tyd en wyl Entrepreneursdae hervat word, sal die snoepie ook Vrydae oop wees.

Skooltye:

Die huidige skooltye is as volg, tot tyd en wyl alle leerders terugkeer na die skool:

	Maandae, Woensdae en Vrydae	Dinsdae en Donderdae
Gr. 1 - 3	07:30 – 13:00	07:30 – 13:15 Sport: 13:30 – 14:30
Gr. 4 - 7	07:30 – 14:00	07:30 – 13:15 Sport: 13:30 – 14:30
		2e pouse vir sportleerders: 13:15 – 13:30

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof



Geborg deur:

SPAR

MONTAGU

volg ons op

sparmontagu

023 614 3080